| Verslagwaardig: | JA / NEE |
|---|---|
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **CA&R 201/06**
Datum verhoor: / Date heard: **30/04/2007**
Datum gelewer: / Date delivered: **04/05/2007**

In die appËl:

**BERRY, TEMBA** Appellant

teen

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Molwantwa WnR*

## UITSPRAAK OP APPÈL

**LACOCK R:**

1] Die appellant is op 11 November 1999 in die Streekhof, Kakamas, skuldig bevind aan moord en gevonnis tot 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf. Met verlof van die Streekhof kom die appellant nou in hoër beroep teen die vonnis hom opgelÍ.

2] Mnr. Bagananeng namens die Staat gee toe dat die Streekhof Landdros 'n mistasting in haar benadering tot vonnis begaan het deurdat sy – in die oorweging van die vraag naamlik of daar wesenlike en dwingende omstandighede aanwesig was soos bedoel in art. 51(3) van Wet 105 van 1997 – die maatstaf soos neergelÍ in **S v Boer & Andere, 2000 (2) SASV 114 (NK)** gevolg het, welke maatstaf daarna deur die Hoogste Hof van AppËl in **S v Malgas 2001 (1) SASV 469 (A)**, verwerp is. In soverre die Landdros dus *"wesenlike en dwingende omstandighede"* gelyk gestel het aan buitengewone omstandighede, het sy 'n mistasting begaan. Dit staan vervolgens hierdie Hof vry om die vonnis opgelÍ ter syde te stel en dit met 'n gepaste vonnis te vervang.

3] Die appellant het skuldig gepleit aan die misdryf van moord, en het die volgende pleitverduideliking ingevolge art. 112(2) van die Strafproseswet, nr 51 van 1977, aan die Hof voorgehou:

*1. Ek is 'n 24 jarige plaasarbeider en die beskuldigde in hierdie saak.*

*2. Ek maak hierdie verklaring vrywillig en is deur niemand daartoe beïnvloed nie.*

*3. Ek pleit skuldig op 'n aanklag van moord.*

*4. Op Vrydagaand, 29 Januarie 1999 was ek by die perseel*

*van my werkgewer, te Marchand.*

5. *Die oorledene, Elsa Waterboer was my meisie. Sy het geloop die aand om tabak by haar vriendin te gaan haal. Sy het te lank geneem en ek het haar later gaan soek.*

6. *Ek het die oorledene by haar vriendin gaan soek, maar sy was nie daar nie. Ek het verder gesoek en haar in die kamer van Grivis Chaka gekry waar sy gelê en tiepslaap het. Grivis het bo op die oorledene gelê.*

7. *Ek het die oorledene wakker gemaak en ons het saam na die kampong waar ons woon gestap.*

8. *By die kampong het ek vir die oorledene gesê om na die kookskerm te gaan en vir my eiers te bak. Ek het toe gesien dat sy te dronk was en in die vuur sou val. Ek het vir die oorledene gesê sy moet sit. Die oorledene het op my begin skel en fyn klippies opgetel en my daarmee gegooi. Ek was reeds kwaad, maar toe die oorledene op my begin skel het ek woedend geword.*

9. *Ek het die oorledene eers geklap. Sy het geval en weer opgestaan. Sy het begin hardloop. By die kraan het ek haar gepootjie, sy het geval en weer opgestaan. Daar het 'n wingerdpaal langs die kraan gestaan en ek het dit opgetel en die oorledene drie houe daarmee geslaan. Twee houe op haar lyf en een hou teen haar nek. Die oorledene is dood as gevolg van die beserings wat sy opgedoen het tydens die aanranding. Terwyl ek die oorledene aangerand het, het ek die moontlikheid voorsien dat sy mag sterf, maar my daarmee versoen en voortgegaan met die handeling.*

10. *Daarna het ek saam met Jannie Waterboer gestap om wyn te gaan koop.*

11. *Die volgende oggend het die ambulans die oorledene opgelaai. Ek is later dieselfde dag gearresteer.*

12. *Ek was nie geregtig om die oorledene te dood nie en het op daardie stadium geweet dat wat ek doen verkeerd is.*

13. *Ek was onder die invloed van drank, maar nie sodanig dat ek nie geweet het wat ek doen nie."*

Die inhoud van 'n regsgeneeskundige lykskouiingsverslag bevattende 'n uiteensetting van die beserings gevind aan die oorledene, is erken deur die appellant, en daarvolgens blyk dit dat die oorledene die volgende beserings opgedoen het:

1. *Veelvuldige kneus en skaafmerke van altwee bene, arms en hande, van die gesig, voorkop, nek en skouers meesal langwerpig.*
2. *Fraktuur regter arm.*
3. *Frakture ribbes 4, 5, 6 en 7de ribbes agter.*
4. 'n Groot langwerpige skeurwond bo-op die kop en ook twee korter langwerpige skeurwonde bo-op die kop – almal geheg met steke.
5. *Skedel basis fraktuur dwarsdeur.*
6. *Brein basis en breinstam bloeding.*
7. *Gebarste lewer.*
8. *Vagina links geskeur en 'n gat dwarsdeur die vagina koepel en blaas tot in die buik holte gesteek van onder af.*
9. *Bloed +++ in die buikholte."*

en dat die oorsaak van haar dood was,

"*1. Fraktuur skedel basis en brein basis en breinstam bloeding.*
*2. Skok en bloedverlies as gevolg van veelvuldige beserings en frakture en gebarste lewer."*

[31] Uit die voorgaande blyk dit dus dat 'n uiters ernstige aanval deur die appellant op hierdie 31 jaar oue (soos blyk uit die bogenoemde verslag) vrou uitgevoer was terwyl sy beskonke was en waarskynlik nie in staat was om haarself behoorlik te verweer nie.

4] Die persoonlike omstandighede van die appellant is as volg

deur die Verhoorhof saamgevat, tesame met ander tersaaklike faktore:

> "Namens u getuig Mev Mina Berry, wat getuig het dat u haar kind is. Sy het getuig dat sy graag versagting vir u, want u het 'n 7-jarige dogtertjie wat skool gaan. Sy skuld al klaar R50.00 vir die skool. U het R75.00 per week verdien en u het vir hulle die geld gegee om vir die kind te sorg. U is huidiglik ongetroud. U het geen skoolopleiding gehad nie, u het drie jaar gewerk. U het skuldig gepleit, u het vir u prokureur gesÍ dat u berou het oor hierdie misdryf en dat u baie lief was vir die oorledene. U het kwaad geword omdat hierdie man, Mnr Chaka, wyn koop vir die vrouens en dan lÍ hy by hulle.

*U was onder die invloed van drank en die oorledene was onder die invloed van drank. En u is al tien maande in aanhouding. Die Hof neem in ag die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg was. Die Hof neem in ag, in u guns, verder dat u gedink het dat hierdie Mnr Chaka gemeenskap gehad het met die oorledene. Die Hof neem verder, ter verswaring in ag, dat u kans gehad het om af te koel. Die Hof neem, ter versagting, weer in ag dat die oorledene eintlik vir u getart het, dat sy onder die invloed van drank was, dat sy vir u geskel het, dat sy u met klein klippertjies gegooi het en dat u, u toe vererg het vir haar en haar geslaan het met die wingerdpaal. Die Hof neem, weer ter verswaring, in ag dat u toe saam met Mnr Waterboer gestap het om wyn te gaan koop. En dat die oorledene eers die volgende oggend weg geneem is met die ambulans."*

5] Behoorlike oorweging is ook verleen aan die gemeenskapsbelang met in agneming van onder andere die veelvuldige voorkoms van hierdie tipe misdrywe in die regsgebied van die Verhoorhof.

6] Me. Segone het voor ons aangevoer dat die volgende as wesenlike en dwingende omstandighede in ag geneem behoort te word naamlik:

[61] Die relatief jeugdige ouderdom van die appellant. Hy was slegs 24 jaar oud ten tye van die pleeg van die pleeg van die misdryf.

[62] Die feit dat die appellant skuldig gepleit het. Ek sal aanvaar dat die appellant daardeur berou getoon het vir sy optrede.

[63] Die feit dat die appellant geen vorige veroordeling het nie. Hoewel hierdie omstandighede reeds deur die Wetgewer in die toepaslike voorskrifte van Wet 105 van 1997 verdiskonteer is, meen ek dat dit nietemin tesame met alle ander faktore oorweeg behoort te word. Dit dui immers op ‘n afwesigheid van ‘n misdadige karaktertrek vir die periode voorafgaande die huidige oortreding.

[64] Dat die appellant homself as ‘n verantwoordelike persoon bewys het deurdat hy ‘n vaste inkomste verdien het en waaruit hy sy 7-jarige dogter en sy moeder onderhou het.

[65] Dat die appellant onder die invloed van sterk drank was. Hoewel die appellant nie so dronk was dat hy nie geweet het wat hy doen nie, is dit eenvoudig so dat bedwelmende drank die reële oordeel van ‘n

persoon nadelig beÔnvloed.

Ek meen dat me. Segone gelyk gegee behoort te word naamlik dat die voorgaande omstandighede as wesenlik en dwingend aangemerk behoort te word wat hierdie Hof sou regverdig om aan die appellant 'n mindere vonnis op te lÍ dan die voorgeskrewe minimum vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf.

Benewens die voorgaande meen ek dat ook as wesenlike en dwingende omstandighede aangemerk behoort te word die geestestoestand waaronder die appellant verkeer het voor en tydens die pleeg van die misdryf. Hy het sy meisie betrap waar sy beskonke onder 'n ander man in die woning van laasgenoemde gelÍ het. Die Landdros het bevind dat hy geglo het dat gemeenskap met hierdie man geskied het, en dat hy kwaad was. Hierdie bevinding kom my geregverdig voor. Nadat die appellant sy meisie na sy woning geneem het, het sy hom gevloek en met klippies gegooi. Verstaanbaar het dit sy toorn verder opgewek, en het hy die aanval op die oorledene geloods.

Daarbenewens is die appellant alreeds tien maande verhoorafwagtend.

7] Teenoor die voorgaande egter moet as verswarend in ag

geneem word die uiters wrede en geweldadige aard van die aanval op die oorledene en waarna reeds hierbo verwys is.

8] Met alles in ag genome meen ek dat 'n gepaste vonnis sal wees een van 12 (twaalf) jaar gevangenisstraf. Bygevolg word die volgende bevele hierin verleen.

**A.** **Die skuldigbevinding word bekragtig.**

**B.** **Die vonnis die appellant opgelê word ter syde gestel en vervang met 12 (twaalf) jaar gevangenisstraf.**

**C.** **Die vonnis word terug dateer na 11 November 1999.**

____________________

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

BC Molwantwa
**WAARNEMENDE REGTER**

**Namens appellant:** **Ms BB Segone (Regshulpsentrum, Kimberley)**

**Namens respondent:** **Adv MGW Bagananeng (Kantoor van die DOV, Kimberley)**